

Vanoggend se erediens

Tema: Sal mense jou onthou?

Skriflesing: Rut 4

Boas was 'n man wat 'n verskil gemaak het. Daarom noem die verteller hom 'n vermoënde man (letterlik 'n man van betekenis, swaarwigtig, Rut 2:1). Sy aandag was nie net op sy eie belange gevestig nie. Hy het ander raakgesien. Dis wat dit beteken om 'n gelowige te wees.

Welkom!

Ons bevestig vanoggend 'n hele aantal kerkraadslede in hulle ampte:

Ouderlinge: Alid Hugo (Leeukuil), Gerhard Venter (Modderrivier-Oos), Ria Wilke (Ons Woning), Mauritz Kotzé (Swartkoppies), Freda Venter (Wyk 2) en Amanda van der Westhuizen (Wyk 4).

Diakens: Jean Sheppard (Leeukuil), Gerdus Venter (Modderrivier-Oos), Stefan Bester (Swartkoppies), Annamarie Dercksen (Wyk 2), Amelia le Roux (Wyk 4) en John John van Niekerk (Jeug).

Herkies: Dirk Terblanche as ouderling vir Administrasie, en Marnus Nel (Emmaus) en Anna-Marie Terblanche (Wyk 6) as diakens.

Baie geluk! Mag die Here julle seën en gebruik in sy diens.

Kerkraadslede wat steeds in diens is, is:

Ouderlinge: Danie Jacobs, Sakkie Hartzler, Daleen Krige, Tikkie Nieuwoudt, Dawie Meades en Phillip du Plessis.

Diakens: Leana Hugo, Kobus van der Westhuizen en Hester de Jager.

Die volgende kerkraadslede se dienstermyne is om en tree dus uit die kerkraad:

Ouderlinge: Minnie Griessel, Francois Botha, Attie van Jaarsveld, Hennie Stander en Pieter Poley.

Diakens: Anri Strauss, Lallie van Vuuren, Poenie Badenhorst en Barnard Hugo.

Baie dankie vir julle getroue diens. Party van julle was vir jare op die kerkraad. Ons eer julle en weet dat julle steeds diensbaar sal wees in die gemeente.

Ons Program

Vandag: Sondag van Christus die Koning

- ✎ Nagmaaldiens & Bevestiging van Kerkraad om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- ✎ Kategese Afsluiting
- ✎ Deuroffer: Bearbeiding van Gevangenes
- ✎ Verversings: U is welkom om na die erediens verversings te kom geniet buite op die kerkerrein. Baie dankie aan Wyk 2 en al die ander helpers.

Sondag 28 November

- ✎ Kerssangdiens om 9:30 (LW die tyd!) olv Elmiën Thom, met Paul Loeb van Zuilenburg (trompet) en Matildie Wium (mezzo-sopraan).
- ✎ Deuroffer: CLF
- ✎ Verversingsbeurt: Vrouebediening-bestuur

Dis vandag oor 'n week ons Kerssangdiens om 09:30. Ek nooi nog steeds enige gemeentelid wat graag sing om te kom saamsing om die gemeentesang te help lei en versterk. WhatsApp my op 0845623434. Kom verklaar jouself bereid asseblief.

Ons gaan net een keer oefen, en ons gaan nie met mikrofone sing nie. Ek soek net 'n groepie gewilliges om die bekende Kersliedere saam met my en ds Jaco te sing. Dankie vir dié wat al ja gesê het! Ons oefen Saterdagoggend die 27ste om 10:00 in die kerk.

Baie dankie by voorbaat, ek sien baie uit om van julle te hoor. *Elmiën Thom, orrelis*



Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

21 Nov Philip Bredenhann; Barend de Lange; Phillip van Zyl

22 Nov Zante Oertel; Mollie Smit (85j)

23 Nov Geraldine Erasmus (84j); Jaco Thom

25 Nov Gert Henning

Nuwe lidmaat

Baie welkom aan Ina Pollard in Ons Woning-wyk, met Ria Wilke as ouderling en Hester de Jager as diaken. Mag u baie gelukkig wees in ons gemeente.

Voorbidding

- ✎ Hannes Nieuwoudt – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- ✎ Dr. Hannes Hartman – Kwaadaardige gewas aan sy long.

Dankbaarheid

'n Paar maande gelede het ek by die dokter gehoor dat ek prostaatkanker het. Die beste opsie is 'n radikale prostatektomie. Dis nogal 'n drastiese stap met baie implikasies (waarvan ek gelukkig nie tóe al te veel geweet het nie!).

Die dokter is 'n oortuigde gelowige wat bely dat hy nou wel die operasie doen, maar die Een wat sorg dat dinge reg sal loop, is die Here. Dit was vir my baie gerusstelend, want 'n mens is maar broos by die aanhoor van só 'n tyding.

Die operasie self het baie goed verloop. Daar was geen komplikasies nie, en ook nie juis ondraaglike pyn nie (dis waarvoor ek die bangste was).


Natuurlik is 'n mens angstig om die uitslag van die ontleding te kry. Daarmee het die Here my ook bederf. Die kwaadaardigheid was nog beperk tot die prostaat en kon volledig verwyder word. Geen verdere behandeling nie!

Ek het in dié tyd weer besef hoe geseënd ek is met 'n liefdevolle en sorgsame vrou en liewe kinders. Hulle het my elkeen op hulle manier bederf.

Die ondersteuning van die kerkraad en uit die gemeente was vir my kosbaar. Ek het baie belangstelling, liefde en begrip gekry, en baie mense het vir my gebid. Hoe goed is die Here nie!

Ek is nog nie weer my ou self nie, so moet asseblief nie ophou bid nie. Maar ek glo ek sal een van die dae weer skop na my kwas!

Jaco Thom



Allerlei

Borge - Kalender 2022

As jy 'n maand van die kerkkalender wil borg, stuur 'n epos na die kerkkantoor en kies die *maand* wat jy wil borg. Stuur die logo, foto of Skriflesing wat moet vertoon, saam met 'n bewys van betaling (koste: R140 om 'n maand te borg) teen 30 November. Maak gou voor iemand jou voorspring!

Leraar: Jaco Thom 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: Madette Lombaard 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za **facebook** [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001

Padkaart vir die week : 21 November 2021

Skriflesing: Rut 4 – Sal mense jou onthou?

Hoekom vertel die skrywer van hierdie verhaal ons nie wat die eerste lossers se naam was nie?

Die Here Jesus het in Matt 5:20 gesê: "As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie." Wat het dié woorde vir ons te sê oor die eerste lossers?

'n Halfhartige gelowige is nie vir God goed genoeg nie. Hoekom nie? Kyk na Luk 9:62.

Hoe help Jesus se optrede by die laaste ete saam met sy dissipels ons?

Evalueer jou eie navolging van Jesus. Hoeveel persent gee jy jouself hiervoor?